

KAMMANUUS

Nommer 390

9 Februarie 2015

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Déjà vu teen die Drakensberge uit

Hoofstuk I, Deel xvi

Net toe ons dink dis nou tyd vir wegspoel en verdrink, toe lig die immer gewillige Hilux sy neus stomend uit die kolkende waters van die Senqu en beur met ons teen die wal uit. Ek slaak 'n hoorbare sug van verligting en kan fisies voel hoe ontspan die boude.

Weer doen die voertuig die St Vitus vloermoer en gooi die passasiers soos lappoppe heen en weer ten spyte van die vasskop en klou aan al wat 'n vatplek is. Dié keer gee die hele bakkie sommer so 'n sywaartse bokspring soos die stroom hom beetkry en begin hy sywaarts beweeg soos 'n krap. Op die laaste oomblik gryp die voorste wiel wal en storm die bakkie sommer skoon langs ons verby soos hy afstand tussen hom en die water soek.

Nadat ons die rugsakke afgelaai het, besef ons meteens dat die twee bakkies nou baie ligter is sonder hul passasiers en bagasie. Daar is geen manier wat hulle weer veilig deur die rivier sal kom nie. Michael Fatla begin dadelik om groot klippe op die bakkies te pak.

Met so 'n tikkie onrustigheid gemeng met 'n groot klomp avontuurlus, waai ons die twee drywers vaarwel en dan is dit net ons en die natuur om ons. Die massiewe Malutis voor en die druisende Senqu agter ons. Nou is omdraai te laat.

Daar is net een keuse en een rigting en dit is op en oor die Drakensberge. Êrens, diep vanuit die genepoel van vorige geslagte, roer 'n herinnering van déjà vu. Deel van ons was al vantevore hier.

Aanvanklik gaan dit redelik goed en bly ons by mekaar. Eers is dit mistig en kan mens nie die pieke van die berge voor ons sien nie. 'n Bedekte seën, want toe die sonnetjie uiteindelik so teen elfuur deurbreek en ons kyk af ondertoe, is ons omtrent maar net so helfte op teen die eerste klim om by die eerste plato uit te kom.

Stadig maar seker, soos die verskillende fiksheidsvlakke deurslaan, begin ons verder en verder van mekaar raak en kyk party van ons al hoe langer na die asemrowende uitsig terwyl ons probeer rus van die gewig op die rug en van die steilte wat die longe se vars lug steel. Ons agterente trek ook al hoe meer gereeld magneties na die naaste plat klip se kant toe. Kamtige verstellings word al hoe meer gereeld gemaak aan die rugsakke se stroppe.

Alain weet egter daar is baie meer meter voor ons en is meedoënloos in sy aanhitsing vir ons om hoogte te bereik voor donker. Ná 'n hergroepering om 'n stukkie beskuit en 'n koppie koffie uit een van ons flesses te geniet, het ons weer nuwe stoom en dié keer sorg ons dat ons nader aan mekaar klim.

Michael Chemaly bly egter terugval en hy word sigbaar al hoe bleker.

Bekommerd oor sy welvaart, bied Alain en Esther aan om hom om die beurt te help deur sy rugsak te help dra. Hy wil nog kibbel, maar hulle oorreed hom dis die beste vir ons almal as hy hom nie nou al ooreis nie. So in my stilligheid wonder ek, dis maar halfpad deur die eerste dag, wat gaan nog van ons word?

(Word vervolg.)


♦Nuwe lesers gaan kyk gerus op www.onsdorp.com na die begin van hierdie vertelling. Die Boek se naam is Anderkant Duskantland.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur



Vanslewe se lekker ou dae

Ons huisie was klein met drie slaapkamers, een badkamer en 'n kar wat in die straat gestaan het. 'n Grassnyer wat jy moes stoot om die gras netjies te laat lyk.

Ons het net een telefoon gehad en hy kon nie boodskappe neem nie. Dit was onnodig, want daar was altyd iemand tuis.

Ons het net 'n leefkamer gehad waar ons saamgekuier het. Behalwe met maaltye, dan was ons in die kombuis.

Ons het eers baie laat 'n TV-stel gekry en daar was net een kanaal. Maar daar was altyd iets wat die moeite werd was om te kyk.

Ons het aartappelskyfies vir versnaperinge gehad. Hulle het soos aartappel gesmaak. As jy dit anders wou laat smaak, kon jy dit in 'n uiesous doop.

Ons het soms dinge op ons eie gedoen, maar almal het geweet waar elke lid van die gesin is.

Dan was daar fliëk en jou gunstelingsterre. En die lekkerste plek om te fliëk was by die inry, almal in die motor, met ma se tertjies en koeldrank.

In die somer het ons sonder rede 'n mandjie gepak en iewers gaan piekniek hou.

Woord van die Week

harlaboerla

Betekenis:

1. (s.nw.) Verwarring, wanorde, rumoer, lawaai: *Toe die polisie skielik op die toneel verskyn, het daar harlaboerla geheers.*
2. (bw.) Halsoor kop, holderstebolder, in wanorde: *Verskrik en verleë was almal harlaboerla met goed en al in 'n oogwenk op die vaartuig (Ons Klyntji). Sy doen dinge harlaboerla (Rooi Rose).*

Waar kom dit vandaan?

Vervorm uit Engels *hurly burly* (1539 as s.nw., 1596 as bw.), waarskynlik 'n reduplikasie van *hurling*, afgelei van die werkwoord *hurl*. Deens *hurl-um-burl*, Frans *hurluberlu*.

(Woordeboek van die Afrikaanse Taal)

WYSE GEDAGTES

- ♦ 'n Meisie het groot geword wanneer sy begin om 'n bra te dra. 'n Seun is groot wanneer hy begin om dit af te haal.
- ♦ Respekteer jou ouers. Hulle het matriek sonder Google geslaag.

Die herkoms van gesegdes (40)

Skip: As my skip kom (as ek baie geld kry)

'n Verwysing na die bloeitijd van die Nederlandse skeepvaart en handel: as jou skip gekom het, was dit gelaai met eksotiese ware uit ander wêrelddele wat teen 'n goeie wins van die hand gesit kon word.

Skoonskip: Skoonskip maak (opruiming hou; in 'n wedstryd al die pryse verower) Letterlik die skip skoonmaak, dus opruim; figuurlik al die pryse bymekaar maak.

Skouer: Skouer aan (teen) die wiel sit (alle kragte inspan)

Moontlik onder Engelse invloed 'n Afrikaanse wysiging van die Nederlandse de hand aan het wiel leggen; waarskynlik is die beeld versterkgedagtig aan die Voortrekkers wat letterlik skouer aan die wiel moes sit om deur moeilike drijfwe en oor hoë bulte te kom.

Duskantlander in Anderkantland

Lipstiek en die elfde plaag

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

As jy jou lyf salamander in 'n wintersonnetjie gehou het, sal jy ergerlik raak as iemand in jou sonnetjie kom staan. In die Noord- en Suidpool is daardie wegraak van die sonnetjie drasties erger. Soos die wêreld aankarring op sy skewe aksel, is daar duisternis vir meer as negentig dae. Daaï mense se skrefie-oë het niks te make met sonkyk nie. Dis koue wat hulle so opfrommel.

Een van die Moses-tyd se tien plaë was duisternis. Kleintyd in Sondagskool het ek nie gedink duisternis as plaag was nie te erg nie. So draai die wiel en beland ek en manlief in Wes-Afrika, duskant die Ghana-Goudkus in Akkra. Jaar in en jaar uit beleef ons eerstehands vyf van Moses se tien Egiptiese plaë.

Vloed – wanneer die tropiese storms die oseaan kom teruggooi op droogland.

Plaag – niks wil groei nie, als vrot in suur brakgrond, en bees en skaap se ribbes kan jy uittel.

Sprinkane – wat al jou plantjies afvreet tot op die wortel.

Vlieë – toe mond is die beste; braai jy buite oortrek hulle jou.

Maar die langsdurigste plaag is *Duisternis*. Drie maande se duisternis laat my smag na die son.

Jaarliks waai daar 'n wrede woestynwind oor die Sahara-woestyn. Vier ander lande tussen die dorre Sahara is nie genoeg om die Harmattan – 'n koue, droë en stowwerige passaatwind - se rug te breek nie. Só verbete is die Harmattan-seisoen dat die fyn stof die hele Akkra se sonskyn verduister – vir 'n hele drie maande lank! Heeldag kan jy die son se vlamsirkel 'n boog sien trek van oos na wes.

Hierdie stof lyk soos digte mis, jy kan net klipgooi ver voor jou buitelyne en beweging raak kyk. Die siele met twee breinselle ry met motors se ligte aan in die dag sodat ander hulle kan raak kyk en mis ry.

In die aande lyk als spokerig en selfs die geraasvlakke daal soos die stof dit ook opslurp. Die stikhitte val vanuit diep dertigs tot 'n skrale agtien grade. Die inwoners van Akkra verbeel hulle dis winter en hulle loop rond met regte woltruie. In die eerste weke praat almal met verligting van hoe heerlik *koel* dit is.

Basta met die nonsies! Die swembad is skielik yswater. Die huismemme begin vroegdag reeds afstof; heeldag mop sy sulke vaal modderstrepe oor die teëlvloere. Ek sit en teken stokmannetjies in die middagstofsels van die eettafelblad. Nat spierwit wasgoed haal jy droog en grys van die lyn af. Lugversorgers verstop, swembadpompe pak op waterkrane spoeg roesstrepe en almal se humor droog op.

Vaal, is 'n ondiër met vele gesigte. Net soos die bont stad om my, vervaal almal om my in die tweede maand van ons *Duisternisplaag*. Hulle rokke se some sleep en swiep deur die stof. Weggepak is die wip-wip minirokkies met windpomp prentjies. Almal praat nou net oor die verwagte reën wat sekerlik sal kom en die *Harmattan* gaan wegwas. Nog ses weke of so, Sussa.

Nêrens sit niemand buite by koffietafeltjies nie. Lipstiek het nie 'n okkasie nodig nie, maar mense sit in hulle huise en uitdroog soos biltong in 'n droogkas.

In 'n land van miljoene Afrikane groet jy maklik landgenote want jy kan hulle nie miskyk nie. Hierdie Duisternisplaag bring die donkievreesheid in mense na vore.

Gedienstig onder 'n boom staan hulle oopbek in die stof en wag vir beter dae. As hulle vaalverlep nie reageer nie, kan hulle jou sekerlik nie raak kyk deur die stoflaag oor die donkerbril nie.

In die derde maand word jy wakker voor die wekker skree. Hemelhoog is die wolke moedswillig aan die skommel. 'n Mal stormwind pluk gedurende die reënstorm aan jou dak. Tyd vir 'n nuwe plaag, *vloed*. In my hart juig ek. Ná die reën kom langverwagte sonskyn.

Vandag glimlag ek met lipstiek almal morsdood!

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



Ag nee, Anna! Jy kan nie só op die strand loop nie!

VERLAMDE MAN

Die man in die waaksaal het eers laat in die nag sy bewussyn herwin.

Hy lê toe daar vol pyn en met buise in sy neus, drade wat al sy funksies monitor en 'n pragtige verpleegster wat oor hom die wag hou.

Hy kom agter hy was in 'n ernstige ongeluk. Sy buk oor hom en sê: "Jy mag dalk niks voel van die middel af ondertoe nie."

Die beseerde mompel toe:

"Dink jy ek mag dan aan jou tieties vat?"

ONDERHOUD

Onderhoud is soos om hooi vir 'n dooie perd te koop.

RUK JOU REG!

Die Ou Oom en Tante is op die dorp vir besigheid.

Terwyl die tante medisyne koop kry die oom twee Viagras by die apteker.

Op pad plaas toe begin die tante hoes.

"Ek het 'n padda in die keel", sê sy vir die oom.

Sê hy: "Jy beter daai ding op die regte plek kry voor ons by die huis kom."

ARME MANS

Willem sit en kla eendag oor hoe onregverdig die lewe teenoor die mans-geslag is.

"As ons gebore word, kry ons ma's die komplimente en die blomme. As ons trou, kry ons bruide die geskenke en die publisiteit. As ons doodgaan, kry ons weduwees die lewensversekeringsgeld en die vakansies oorsee."

IN BRAKPAN... word jy nie sommer met blou oë gebore nie. Jy moet baklei daarvoor, pappie.

DIE VERSKIL

'n Kansvatter is iemand wat agter in die kerk sit en poep en dan omkyk.

'n Misdadiger is iemand wat twee rand in die kollektorbordjie sit en vyf rand kleingeld vat.

NIE DAPPER NIE

Vrou aan haar vriendin:

"Ek het laas nag so geskrik. Ek het 'n harde geluid gehoor, kyk in die slaapkamer rond en sien 'n man onder die bed inkruip."

"Was dit 'n inbreker?"

"Nee, dit was my man. Hy het ook die geluid gehoor."

BABA SE LAG

'n Baba se lag is een van die mooiste klanke wat jy ooit sal hoor.

Behalwe as dit drieur in die oggend is, jy alleen by die huis is en nie 'n baba het nie . . .

OEPS!

Willem en Koos sit en gesels.

"Ek hoor jou seun is uit die universiteit geskors," sê Koos.

"Ja," sê Willem, "oor sy swak oë. Hy het sy professor se vrou een aand in die Laan vir 'n eerstejaartjie aangesien."

DIE TOWENAR VAN ID Deur Parker



die

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

DERTIEN

logiese redes hoekom party mans honde en nie vroue het nie



1. Hoe later jy tuis kom, hoe blyer is hulle om jou te sien.
2. Honde let nie op as jy hulle 'n ander hond se naam gebruik nie.
3. Honde hou daarvan as jy goed op die vloer laat rondê.
4. Honde se ouers kom nooit kuier nie.
5. Honde stem saam dat jy soms jou stem moet verhef om die punt tuis te bring.
6. Jy hoef nooit vir 'n hond te wag nie - hulle is altyd gereed.
7. Honde vind jou vermaaklik as jy gekoring is.
8. Honde hou van jag en visvang.
9. Honde maak jou nie snag wakker met die vraag: "As jy doodgaan, sal jy 'n ander hond kry?" nie.
10. As 'n hond kleintjies kry, kan jy hulle in die koerant adverteer en verkoop.
11. As jy 'n skelm windjie los, hol die hond nie met 'n lugsprei in die kamer rond nie.
12. Honde sê nooit jy moet ophou om jou kroonjuwele te krap nie. Om die waarheid te sê, hulle sit en wonder hoekom jy hulle nie êk nie.
13. En laastens: As 'n hond jou verlaat, sal hy nie die helfte van jou goed saamneem nie.

As jy hierdie stellings wil toets, sluit jou hond en jou vrou 'n uur lank in die garage toe. Maak dan die deur oop en kyk wie is die blyste om jou te sien.



'n Blondine wou op die ys gaan visvang.

Sy het baie boeke oor die onderwerp gelees, toe al die nodige goed aangekoop en afgesit ys toe.

Nadat sy haar kampstoeltjie opgeslaan het, het sy begin om 'n sirkel in die ys te sny. Skielik kom daar 'n harde stem uit die lug:

"DAAR IS NIE VIS ONDER DIE YS NIE!"

Sy skuif haar stoeltjie toe verder aan, skink 'n koppie koffie uit haar termosfles en begin om 'n ander ronde gat te sny.

Weer bulder daar 'n stem uit die lug:

"DAAR IS NIE VIS ONDER DIE YS NIE!"

Die blondine was nou baie bekommerd. Sy het haar toerusting bymekaar geskraap en na die teenoorgestelde kant van die ys beweeg en weer begin om 'n gat te sny.

Weer die stem uit die lug:


"DAAR IS NIE VIS ONDER DIE YS NIE!"

Sy het lugwaarts gekyk.

"IS DIT DIE HERE WAT MET MY PRAAT?"

Toe kom die antwoord:

"NEE, DIS DIE BESTUURDER VAN DIE YSSKAATSBAAN!"



'n Man en sy vrou word drieuur in die oggend wakker gemaak deur 'n harde geklop aan die deur.

Die man staan op en gaan maak die deur oop waar 'n dronkie in die gietende reën staan.

Die ou dronkie sê hy het iemand nodig om hom te help stoot.

"Dit sal die dag wees, daar is nie 'n manier nie," sê die man. "Dit is drieuur in die oggend." En hy slaan die deur toe en gaan terug bed toe.

"Wie was dit?" vra sy vrou. "Net 'n vreeslike dronk man wat iemand soek om hom te help stoot," antwoord hy.

"Het jy hom gehelp?" vra sy.

"Nee, dit is drieuur, en dit sous daar buite!"

"Wel jy het 'n kort geheue," sê sy. "Onthou jy drie maande terug toe ons kar gebreek en daai twee ouens ns gehelp het?"

"Ek dink jy moet hierdie ou ook help en jy behoort jou te skaam."

Die man besef sy vrou is seker reg en trek toe maar aan. Hy gaan uit in die gietende reën en roep uit:

"Hallo, is jy nog daar?" "Ja." kom die antwoord terug.

"Het jy nog iemand nodig om jou te stoot?" vra hy.

"Ja, asseblief," om die antwoord uit die donkerte.

"Waar is jy?" vra die man.

"Hier op die *swing*," antwoord die dronkie. en dit sous daar buite!"

Man se laaste wense

Morris Schwartz lê op sterwe, maar kom effens by.

Daar is 'n verpleegster, sy vrou, sy dogter en twee seuns, en almal weet die einde is naby.

Hy sê vir hulle: "Bernie, ek wil hê jy moet die Beverly Hills-huise oorneem.

Sybil, neem die woonstelle in Los Angeles-Plaza oor. Hymie, ek wil hê jy moet die kantore in die middestad oorneem.

"Sarah, my wonderlike vrou, asseblief neem al die residensiële geboue in die middestad oor."

Toe sak die bewusteloosheid weer oor hom toe.

Die verpleegster is verstom deur dit alles. Sy sê vir die vrou:

"Mev. Schwartz, jou man moes baie hard gewerk het om soveel eiendom bymekaar te maak!"

Sarah antwoord: "Eiendom? Die *schmuck* het van sy koerantafleweringsroete gepraat."



MGM se leeu

Almal het al die leeu gesien waarmee MGM se fliëks begin – maar het julle geweet hoe dit in 1928 verfilm is?



Lesse te leer uit 'n bankroof

Rowers storm in 'n bank in 'n klein dorpie in. Een van hulle skree:
"Moenie beweeg nie! Die geld behoort aan die bank. Jou lewe behoort aan om jou!"

Dadelik lê al die mense plat op die vloer. Dit is 'n voorbeeld van hoe die korrekte bewoording van 'n sin kan maak dat almal hul siening van die wêreld verander.

Terwyl die rowers uit die bank uit hardloop, sê die jongste rower (wat 'n uiniversiteitsgraad het) aan die oudste rower (wat skaars laerskool klaargemaak het):

"Haai, miskien moet ons tel hoeveel ons gesteel het?"

Die ouer man antwoord:

"Moenie stupid wees nie. Dis baie geld, so ons wag vir die TV-nuus om uit te vind hoeveel dit was."

Dit is 'n voorbeeld van hoe lewensondervinding meer werd is as 'n graad.

Ná die roof sê die bankbestuurder aan sy rekenmeester:

"Kom ons bel die polsie en sê hulle hoeveel gesteel is."

"Wag", sê die "rekenmeester, 'Voor ons dit doen, laat ons die R800,000 wat ons 'n paar maande gelede verduister het, byvoeg en sê dit is gesteel as deel van vandag se roof."

Dit is 'n voorbeeld van voordeel trek uit 'n geleentheid.

Die volgende dag rapporteer die media dat die bank van R4 miljoen beroof is.

Die rowers tel toe wel die geld, maar hulle kry net R1 miljoen, en kla:

"Ons het ons lewens gewaag vir R1 miljoen, terwyl die bank se bestuur drie miljoen gesteel het sonder enige risiko? Miskien is dit beter om leer hoe om die stelsel te omseil, in plaas van 'n eenvoudige rooftog."

Dit is 'n voorbeeld van hoe kennis meer werd is as brute krag.

Les: Gee 'n persoon 'n vuurwapen, en hy kan 'n bank beroof. Gee 'n persoon 'n bank, en hy kan almal beroof...

Ek weet jy hou van die natuur . . .

♦ Rig 'n vlermuishuisie op om hierdie skaam diertjies te lok. Vlermuise eet 3 000 of meer muskiete en ander insekte in net een nag. Hulle is ook minder geneig tot hondsdolheid as honde.

♦ Vlermuise is verantwoordelik vir tot 95% van die saadverspreiding wat woude regenereer.

Ons planeet het talle vlermuise, soos die suikervoet vlermuis en die rooivlerk vlermuis.



♦ En dan kry jy ook die domonnosele linkervlerk vlermuis, wat nie so 'n bydrae maak nie. As ons hom nou kan leer om vlermuise te eet of iets nuttigs te doen . . .

Stamboom

Help ons familiesoekers

BRITS elsieqpalmer@gmail.com

My naam is Jay-Shona Palmer en ek is op soek na Nicky Brits wat in 2000 in Popup gebly het saam my Ma. Rona Olivier.

EXCELL joubertsunshinecleaning@gmail.com

Peter, John Excell gebore 1950-03-08 te Rondebosch.

FERREIRA elsieqpalmer@gmail.com

My name is Elsie Palmer and I am looking for Steven Ferreira that was in Pretoria Air Force Cook School in 1974 and attended Alexander High school in Natal in 1973. His family was living in Pretoria and he was friends with Craig from Wespark Pretoria, and Jeanette Viljoen from Pretoria and Mary Mc Gibbon from Natal.

HELMAND (HELLMAND) theresaduplooyza@gmail.com

Ek wil graag in verbinding tree met persone wie verwant is aan wyle STEPHEN JOHN HELMAND (HELLMAND) WIE GEBORE IS ± 1840 in die VRYSTAAT en getroud was met MARIA ELIZABETH MAGDALENA (Mary Elizabeth Magdalana) DIPPENAAR gebore ± 1846. Hulle het in Johannesburg gewoon.

OLIVIER elsieqpalmer@gmail.com

My naam is Dominic Will Olivier en ek is op soek na my Pa, Andries Francois Olivier wat sekuriteit by Dept. Agriculture doen en sy familie

PALMER elsieqpalmer@gmail.com

Ek is gebore as Elsie Maria Palmer op 25 Januarie 1957. My voorletters later verander na Elsie G F. Vader Robert Henry Palmer geb. 5 Mei 1926, een van identiese tweeling. Moeder Elizabeth Gertruida Fransina Kirsten geb. 12 Junie 1931. My oupa Vaderskant Pieter Berardus Palmer geb. 27/29 Nov 1875 te Lichtenburg Transvaal. Sy vrou Gertruida Christina Hurn geb. 4 Julie 1894 te Bokkraal Groot Merico. Moederskant oupa Johannes Michael Kirsten geb. 7 Januarie 1903, getroud met Magrietha Jacoba van Wyk geb. 18 Juarie 1907 te Stofberg. Oupa grootjie Vaderskant Henry William Musgrove alias Palmer sy vrou Isabella Johanna Adriana Bentjes ook Pieter William Hum getroud met Martha Hendrina Bender oupa grootjie moederskant William Henry Kisten getroud met Magdalena Elizabeth van Staden en Adriaan Jacobus van Wyk getroud met Elizabeth Francina. Gertruida van der Schyff geb. 10 Desember 1884 Roos Senekal

SWANLOW angelwsparks@gmail.com

Addisioneel: My mother Lilian alice Lindes Swanlow. Not sure born 22 September 1933. The Holy Cross Convent Plumstead or Ugie.

Mike en die bankroof

'n Gemaskerde man storm die bank binne waar Mike werk en skree dat hulle al die geld in 'n sak moet sit.

'n Oomblik later vat hy die vol sak by 'n bankklerk en vra: "Het jy my hierdie bank sien beroof?"

Die man antwoord: "Ja, natuurlik." Die rower lig sy geweer en skiet die klerk tussen die oë.

Dan draai hy na die volgende klerk, ons vriend Mike. "Het jy my hierdie bank sien beroof?" vra die rower vir Mike. "

Nee, nie met 'n oog nie," antwoord Mike ernstig. "Maar ek hoor my skoonma het gesien."

KORTETJIES

♦ Die meisie van vyf moes in Junie maand opstaan vir skool en dis nog half donker:

"Pappa... ek hou niks daarvan om in die koelte op te staan nie."

♦ Niks bederf jou Vrydag meer as die besef dat dit eintlik Dinsdag is nie.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Maar is 'n Toskaanse villa in Garsfontein nie maar net so kommin nie - of stylvol?

Deur
DANA SNYMAN

Dis 'n woord wat my pla: kommin. Hoe is 'n mens as jy kommin is? Rook jy filterlose sigarette? Koop jy jou meubels by Lewis Stores? Die muurkas wat ek 'n paar jaar gelede by Lewis gekoop het, is glo kommin.

Ek moet bieg ek verstaan dit nie: hy het 'n drankkabinet, plek vir my TV-stel, 'n spieël, en 'n rak waarop ek 'n skilpaddop en vyftien bodmannetjies in WP-truie ten toon kan stel.

Ek het ook al 'n meisie gehad wat my vriendelik gedwing het om op te hou Lip Ice gebruik, want Lip Ice is glo kommin. Labello is gb die ding, want Labello is kwansuis stylvol.

Dieselfde meisie het ook gemeen die blou radio op my bedkassie is kommin. En hy is nogal Made in Taiwan. Met sulke flikkerende rooi liggies waarna jy kan kyk wanneer jy laat op 'n Saterdagand in jou donker kamer na Fannie du Plooy se program, 'n Raps voor Middernag, oor Radiosondergrense lê en luister.

Maar ek het nuus vir daardie meisie: Iemand het onlangs daardie radio gesteel. Iemand het hom begeer. Of sê die ou wat hom gesteel het gereeld vir homself: Eish, ek het 'n groot fout gemaak, ek het 'n kommin radio gesteel, ek dink ek moet hom terugvat?

Laat groei Mark Shuttleworth vir hom sulke eienaardige, smal wangbaarde, is dit 'n stylvolle daad. Laat groei Patricia Lewis se man vir hom 'n lekker haardos vir hul troue, is hy kommin.

Hoe word bepaal wie en wat is kommin en wie en wat is nie?

Dis opmerklik: die mense wat dikwels as kommin beskou word, is nie juis daarvoor gepla nie. Hulle is maar net wat hulle is. Die mense wat met kommingeid gepla is, is dikwels die selfverklaarde stylvolles, dié wat graag leerbaadjies dra, donkerbrille op hul voorkoppe laat rus, in coffee shops rondhang, en droom van Toskaanse villas in Pretoria se oostelike voorstede.

Maar is 'n Toskaanse villa in Garsfontein nie maar net so kommin - of stylvol? - as oom Daantjie se huis met die slapende Mexikaan teen die muur in Proklamasiehuwel nie?

En is 'n nagemaakte Renaissance-spuifontein werklik esteties verhewe bo 'n tuindwergie?

Ek verstaan ook nie waarom motorwerktuigkundiges eerder as tandartse as kommin getipeer word nie.

Motorwerktuigkundiges werk met enjins - relatiewe kiemvrye goed wat nie sleg ruik nie. Tandartse hang heeldag oor onwelriekende, oopgesperde monde vol verrottende tande.

En is die werklose man wat elke dag op die hoek van Hilda en Schoeman staan en bedel - is hy kommin? Hy dra dan sulke verslete Grasshopper-skoene. En Grasshoppers is volgens Men's Health se stylgids mos kommin. Of hoe?

En dan moet die bruin vrou wat Woensdagand op TV-nuus was, ook kommin wees - die een wie se kind in 'n plakkershut doodgebrand het. Sy het stoukies aangehad, daardie vrou - en stoukies is ook mos kommin, nè? En haar lippe sou kon doen met Labello.

En agter haar teen die muur was 'n gekraakte Sarah Moonspieël. En sy het aanhoudend gesê: "O, my bybie. O, my bybie."

Hoe, hoe is 'n mens as jy kommin is?